



The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library

This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.

Help ensure our sustainability.

Give to AgEcon Search

AgEcon Search
<http://ageconsearch.umn.edu>
aesearch@umn.edu

Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.

No endorsement of AgEcon Search or its fundraising activities by the author(s) of the following work or their employer(s) is intended or implied.

See

AGRICULTURAL OUTLOOK CONFERENCE 1985

**AGROCON
LANVOKON**

'85

LANDBOU-VOORUITSKOUINGSKONFERENSIE 1985

PRESENTED BY —

- Agricultural Economics Association of South Africa
- Co-ordinating Committee of Agricultural Marketing Boards
- Department of Agricultural Economics and Marketing
- Department of Agriculture and Water Supply
- SA Agricultural Union

**CSIR CONFERENCE CENTRE
Pretoria**

16 AND 17 JANUARY 1985

G

LANVOKON 1985 : DIE SUIWELBEDRYF

A. REFERAAT

1. Inleiding:

Die suiwelbedryf het daarin geslaag om gedurende die 1984 jaar die surplus wat daar aan die begin van die seisoen geheers het te laat afneem. Die seisoen strek vanaf Oktober 1983 tot September 1984. Die surplusverwydering was deur die Suiwelraad gedoen in die vorm van uitvoer van afgeroomdemelkpoeier.

2. Produksie:

2.1.1 Produksie van melk deur primêre produsente:

JAAR	VARSMELK £'000	BOTTERVET 2) £'000	KAASMELK £'000	KONDENSEERMELK £'000	TOTAAL £'000
1982/83	718 274	39 852	386 478	420 332	1 564 936
1983/84	698 547	31 456	395 299	435 756	1 561 058
1984/85 1)	701 607	25 321	406 596	448 209	1 581 733

1) Vooruitskatting.

2) Melkekwyalent

Alhoewel daar 'n afname in die aantal varsmelkprodusente van 2,6 % en nywerheidsmelkprodusente van 15,4 % was, het die produksie van melk nie verhoudelik gedaal nie. Die daling van varsmelk is as gevolg van die daling in die aantal varsmelkprodusente.. Alhoewel die aantal nywerheidsmelkprodusente met 15,4 % afgeneem het, het die produksie met 3 % gestyg. Daar is 'n toename in produksie per produsent waargeneem. Redes vir die toename is dat die kleiner produsent wat die bedryf verlaat weens die hoë kostes en die tegnologiese ontwikkeling op die melkprodusent se gebied bv. die massaverkoelingstenks meebring dat slegs produsente met groter lewerings oorbly. Daar word verwag dat die aantal produsente steeds sal daal in die volgende seisoen, en dat die produksie per produsent sal bly toeneem maar in 'n mindere mate. Daar word 'n afplatting van die lewering van melk by die fabrieke verwag terwyl 'n heffing op surplusmelk ingevorder word kragtens die kwotastelsel wat vanaf 1 Januarie 1985 in werking tree. Die afname in die bottervet is hoofsaaklik as gevolg van die uittrede van bottervet-produsente terwyl die produksie per produsent gestabiliseer het. Hierdie daling sal voortduur in die komende seisoen omdat die produsente oorskakel na melklewering.

G

-2-

2.1.2 Brutowaarde van melk geproduseer deur primêre produsente:

JAAR	VARSMELK R'000	BOTTERVET R'000	KAASMELK R'000	KONDENSEERMELK R'000	TOTAAL R'000
1982/83	227 949	4 893	93 285	102 931	424 654
1983/84	230 126	4 679	112 944	124 504	472 253
1984/85 1)	231 134	3 998	116 172	128 062	479 366

1) Vooruitskatting.

Behalwe vir bottervet het alle melk 'n hoër bruto-opbrengs vanweë die hoër eenheidsprys wat daarvoor gerealiseer word. In bottervet se geval is die waarde laer as gevolg van die laer produksie.

2.2 Sekondêre produksie van suiwelprodukte:

2.2.1 Produksie van suiwelprodukte:

JAAR	VARSMELK £'000	BOTTER t	KAAS t	KONDENS- MELK t	VOLMELK- POEIER t	AFGEROOOMDE MELK POEIER t
1982/83	718 274	18 266	34 689	31 111	11 531	24 836
1983/84	698 547	17 561	35 468	26 678	12 528	23 437
1984/85 1)	701 607	17 612	37 329	27 915	14 689	21 343

1) Vooruitskatting

Die produksie van botter het nie verhoudelik met die primêre bottervetproduksie gedaal nie aangesien daar meer nywerheidsmelk was wat verwerk is en dus meer room vir botter produksie beskikbaar gestel is. Hierdie tendens sal voortduur aangesien daar verwag word dat die bottervet vanaf nywerheidsmelkfabrieke sal stabiliseer terwyl die primêre bottervet produsente steeds afneem.

Toename in die produksie van kaas is as gevolg van die toename in die vraag, en die toename sal vir die volgende jaar voortduur.

'n Afnemende tendens word in die produksie van kondensmelk waargeneem. Aangesien hierdie produk hoofsaaklik volgens vraag geproduseer word kan die afname in die produksie toegeskryf word aan die afname in verbruik hiervan.

Daar is 'n groei in die volmelkpoeiermark en dit veroorsaak dat die vraag styg en dus sal die produksie ook styg. As gevolg van die onwettige invoere van melkpoeier wat nou verbied is, toon die melkpoeier mark 'n styging. Hierdie styging is slegs 'n terugkering na die normale vlak. Omdat afgeroomdemelkpoeier as afbalenseerde produk dien is die produksie laer as in 1982/83 as gevolg van die styging in die produksie van ander produkte. As gevolg van die verwagte styging in die produksie van bogenoemde produkte sal die produksie van afgeroomdemelkpoeier daal.

2.3 Produksiepotensiaal

Die Suid-Afrikaanse melkkudde bestaan na raming uit sowat 740 000 koeie en dit wil voorkom asof hulle nog nie tot hul maksimum vermoë benut word nie. Vanweë die geweldige hoë voerkoste vereis dit absolute kundigheid wat beide tegniese kennis en bestuursvernuf aanbetrif om van suiwelboerdery 'n sukses te maak. Aangesien mielies die grootste aandeel in die samestelling van suiwelmeel uitmaak en suiwelmeel die hoogste enkele faktor van voerkoste uitmaak, sal die prys van mielies altyd 'n belangrike rol in voerkoste speel. Gevolglik sal noukeurig gelet moet word na die verhouding tussen die opbrengswaarde van melk en koste van suiwelmeel. Die onderstaande tabel dui aan watter hoeveelheid suiwelmeel uit een kilogram melk gekoop kan word.

G

-4-

DIE KOOPKRAAG VAN 'N KILOGRAM NYWERHIEDSMELK EN VARSMELK IN TERME VAN KILOGRAM VOERKONSENTRAAT

JAAR MAAND	VOER KONSENTRAAT C/KG	NYWERHIEDSMELK		VARSMELK	
		C/KG	KG VOER PER KG MELK	C/KG	KG VOER PER KG MELK
<u>1977</u>					
Januarie	9,66	9,45	0,98	14,43	1,49
April	9,72	9,87	1,01	15,36	1,56
Julie	11,21	9,51	0,85	14,78	1,32
Oktober	11,29	9,37	0,83	14,49	1,28
<u>1978</u>					
Januarie	11,30	10,19	0,90	14,41	1,28
April	11,47	10,90	0,95	15,55	1,36
Julie	12,59	11,98	0,95	16,41	1,30
Oktober	12,81	12,05	0,95	16,58	1,30
<u>1979</u>					
Januarie	13,02	13,16	1,02	16,73	1,28
April	13,02	13,47	1,03	17,00	1,31
Julie	15,04	16,70	1,11	19,88	1,32
Oktober	15,04	16,70	1,10	20,05	1,33
<u>1980</u>					
Januarie	15,52	15,67	1,01	20,00	1,29
April	15,68	16,30	1,03	20,36	1,30
Julie	18,12	18,42	1,02	23,16	1,28
Oktober	18,68	18,05	1,00	24,82	1,25
<u>1981</u>					
Januarie	18,32	18,11	0,99	24,41	1,26
April	18,78	18,93	1,00	24,97	1,25
Julie	20,56	21,02	1,02	28,84	1,32
<u>1982</u>					
Januarie	21,20	20,72	0,98	28,69	1,35
April	20,54	21,53	1,04	29,26	1,42
Julie	25,18	24,51	0,97	32,55	1,29
Oktober	26,18	24,03	0,92	30,44	1,16
<u>1983</u>					
Januarie	25,74	23,93	0,93	30,35	1,18
April	26,18	24,22	0,93	31,05	1,28
Julie	28,38	24,69	0,87	31,04	1,09
<u>1984</u>					
Januarie	28,3	26,05	0,92	30,5	1,08
April	30,1	27,58	0,92	32,1	1,07
Julie	31,3	28,50	0,91	34,1	1,09

G

-5-

3. Verbruik van suiwelprodukte:3.1 Plaaslike Verbruik:

JAAR	BEHEERDE VARSMELK £'000 2)	BOTTER t	KAAS t	KONDENS- MELK t	VOLMELK- POEIER t	AFGEROOMEDE- MELKPoeIER t
1982/83	641 852	16 484	34 249	31 861	12 167	15 446
1983/84	645 441	16 567	35 392	26 615	12 369	17 243
1984/85 1)	658 075	16 130	35 942	27 416	13 491	17 700

- 1) Vooruitskatting
 2) UHT melk ingesluit Tvl vanaf 1/8/82
 Kaap vanaf 1/1/83
 Natal vanaf 1/6/80

Die verbruiks toename in varsmelk kan toe geskryf word aan die verwagte verhoogte verkope van varsmelk en varsmelkprodukte soos maaskaas, joghurt en UHT melk, die verbruik van botter het redelik konstant gebly en dit wil voorkom of die dalende tendens gestuit is. Verbruik sal vir die komende seisoen na raming nog afneem maar in 'n baie kleine mate.

Die verbruik van kaas het weereens soos die afgelope aantal jare 'n styging getoon. Hierdie styging sal voortduur vir die volgende seisoen maar in 'n kleiner mate. Uit die verbruikersnavorsing is gevind dat die vraag na kaas styg. 'n Duidelike afnemende tendens kom voor by die verbruik van kondensmelk. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die groeiende mark in mengsels en langlewemelk.

G

-6-

3.2 Uitvoer van suiwelprodukte:

JAAR	BOTTER		KAAS		KONDENS-MELK		VOLR. MELK- POEIER (A) t	AFGER. MELK- POEIER (B) t	A + B R'000	TOTAAL R'000
	t	R'000	t	R'000	t	R'000				
1982/83	764	2 248	168	539	77	120	-	1 187	843	3 750
1983/84	633	1 824	159	500	49	155	99	12 769	10 552	13 031
1)										
1984/85	1 030	2 978	1 170	3 679	53	168	-	15 468	13 952	20 777

1) Vooruitskatting

Botter en Kaas is na die tradisionele markte van SA nl. Afrika en buurlande uitgevoer terwyl kondensmelk aan skepe verskaf is. Die hoë toename in die uitvoere van afgeroomdemelkpoeier is as gevolg van die surplusverwyderingsaksie van die Raad.

3.3 Suiwelsubstitute:

Suiwelsubstitute word 'n al groter bedreiging vir egte suiwelprodukte. Die verwitters en mengsels wen almeer 'n groter mark. Geel margarien, hoewel die groei baie laer is, speel ook nog 'n belangrike rol ter vervanging van botter. Die Raad is nog steeds besig om misleidende advertensies teen te werk en om die verbruiker in te lig oor wat egte suiwelprodukte is.

G

4. Suiwelpryse:

4.1 Primêre produsentepryse - Beheerde gebiede - Varsmelk

JAAR	TRANSVAAL c/ℓ	BLOEMFONT. c/ℓ	W. TVL c/ℓ	KAAP c/ℓ	N-NATAL c/ℓ	NATAL c/ℓ
1.6.81	31,0	30,0	30,5	30,5	30,5	30,5
13.11.81	33,0	32,0	32,5	32,5	32,5	32,5
1.7.82	36,85	35,85	36,35	36,35	36,35	36,35
1.7.83	39,85	38,85	39,35	39,35	39,35	39,35
1.7.84	42,85	41,85	42,35	44,35	42,35	42,35

Primêre produsentepryse - Nywerheidsmelk

JAAR	BASIESE PRYS c/100 Kg	BOTTERVETINTERVAL c
1.6.81	1 905	30
13.11.81	1 965	29
1.7.82	2 293	34
1.7.83	373 X BV % +	-
	373 X PROT %	
T.7.83	393 X BV % +	-
	393 X PROT %	

Gedurende die afgelope drie jaar is slegs drie prysverhogings toegestaan, telkens op die 1ste Julie. Die varsmelk verhoging van 3 c/ℓ op 1 Julie 1983 sluit 'n twee sent heffing in wat in die stabilisasiefonds gestort word vir die financiering van surplusverwydering. 'n Heffing van 194 c/100 kg melk word ook op nywerheidsmelk gevorder wat eweneens na die stabilisasiefonds gaan en, bottervet produsente dra 21 c/kg by tot die fonds. Vanweë die huidige en verwagte surplusse is dit onwaarskynlik dat noemenswaardige prysaanpassings in die komende seisoen gedoen sal word.

G

-8-

4.2 Verbruikerspryse4.2.1 Varsmelk - Transvaalgebied

JAAR	GLASBOTTELS HUISAFLEWER c/l 1 LITER	KAFEE EN KONTANTPRYSE c/l		
		1 LITER	500 ml	250 ml
1.6.81	46,5	52	48,5	47
13.11.81	48,5	54	50,5	49
1.7.82	54,5	60	57,5	55,5
1.7.83 1)	63/60 2)	90/65 2)	45/33 2)	-
1.7.84	68/65 2)	85/71 2)	45/39 2)	-

- 1) Kleinhandelprysbheer afgeskaf.
- 2) Hoogste en laagste prys waargeneem.

4.2.2 Nywerheidsmelkprodukte

JAAR	CHEDDARKAAS c/kg	GOUDA KAAS c/kg	BOTTER c/kg
1.6.81	348	353	288
13.11.81	368	373	316
1.7.82	424	429	368
1.7.83	470	475	408
1.7.84	505	510	468

Van die nywerheidsmelkprodukte is slegs die pryse van standaard-produkte nog onder beheer. Standaard produkte is o.m. die 1ste en 2de graad heel ongesnyde kaas en botter in perkament verpakking van 500 gram en 25kg blokke. Die verhoging in verbruikerspryse vanaf 1 Julie 1984 was nodig om die verhoging in produsentepryse, asook die verhoogde vervaardigingskoste te dek. Vanweë die huidige surplus is dit onwaarskynlik dat noemenswaardige prysaanpassing in die komende seisoen gedoen sal word.

5. Toekomsblik:

Uit die produksie-en verbruikstatistieke vir die huidige en komende seisioene, is dit duidelik dat daar wel groei in die bedryf sal wees. Dit is egter duidelik dat oor die langer termyn die ekonomiese klimaat en die daarmee gepaardgaande voorspoed in die ander boederyvertakkinge 'n rol sal speel op die melkproduksie. Die droogte van die afgelope drie jaar het surplusproduksie vir die suiwelbedryf beteken. Alhoewel daar oor die langtermyn 'n groei in die verbruik van suiwelprodukte is, sal verdere aksies geneem moet word om die mark te bevorder. Die huidige surplusse word in die vorm van afgeroomde melkpoeier deur die Raad uitgevoer. Die verliese op uitvoere word deur die Suiwelbedryf alleen gedra, deur middel van die stabilisasiefonds. Indien die suiwelbedryf steeds vir alle surplusverwydering verantwoordelik moet wees terwyl die surplusproduksie die resultaat van probleme in ander landboubedrywe is kan dit gebeur dat produksieontmoediging so streng moet wees dat melkboerdery sy stabiliserende effek op landbouproduksie in die algemeen verloor.

Die suiwelbedryf speel nog steeds 'n baie belangrike rol as werkverskaffer. In die primêre sektor maak dit 'n groot bydra tot die inkomste per arbeidsgesin, aangesien ook vroulike persone tot die bedryf toe tree. Op die sekondêre vlak is dit ook 'n groot verskaffer van arbeid aan beide manlik sowel as vroulike werknemers.

Menige knelpunte en vraagstukke lê nog in die toekoms van die bedryf, maar die algemene vooruitsig bly gunstig en die bedryf sal sy relatiewe posisie in die landbou asook in die landsekonomie handhaaf.

6. Samenvatting:

Die seiōoenjaar 1983/84 was vir die suiwelbedryf in Suid-Afrika 'n jaar van surplusse van beide vars en nywerheidsmelk.

Die surplussituasie wat bestaan is die gevolg van die heersende droogte-toestande asook die swak ekonomiese klimaat. Die boere in die ander landbousektore wend hulle nou na melkproduksie om sodaaende hulle kontantvloeipositie te verbeter.

Die aantal melkprodusente in Suid-Afrika neem nog steeds af, terwyl die produkste per produsent steeds toeneem. Die gevolgtrekking is dat dit die kleiner produsent is wat die suiwelbedryf verlaat. Die verwagting is dat hierdie tendens sal voortduur.

Behalwe vir botterproduksie wat min of meer dieselfde sal bly in die 1984/85 jaar, word verwag dat die ander produksie van suiwelprodukte 'n styging sal toon. Afgeroomdemelkpoeier se produksie sal relatief hoog bly.

Behalwe vir botter verbruik wat sal daal in 1984/85 jaar, word verwag dat die verbruik van ander suiwelprodukte 'n styging sal toon.

G

-70-

Suiwelsubsitute is 'n steeds toenemende bedreiging vir die egte suiwelprodukte. Aansienlike kompetisie word verwag van die bemarkers van verwitters en mengsels ("blends").

Die suiwelbedryf is steeds op homself aangewys om die surplusse te verwyder. Uitvoerkontrakte is reeds aanvaar en baie metodes van surplusverwydering word nog ondersoek. Die surplusse is 'n simptoom van probleme in ander landbousektore en 'n markaandeelstelsel wat die stabiele produsent sal beskerm is deur die Raad onwikkelen word op 1 Januarie 1985 in werking gestel.

Die toekoms van die suiwelbedryf is een van groei, ten spyte van knelpunte en uitskiet situasies en hou belofte in om steeds sy relatiewe posisie in die landbou en ook in die landsekonomie vol te staan.

B. STATISTIESE BYLAES
STATISTICAL SCHEDULES

PRODUKSIE VAN VARSMELK, NYWERHEIDSMELK EN BOTTERVET
PRODUCTION OF FRESH MILK, INDUSTRIAL MILK AND BUTTERFAT

JAAR YEAR	VARSMELK 1) BEHEERDE GEBIEDE FRESH MILK CONTROLLED AREAS	BOTTERVET-MELK EKWIVALENT/ BUTTERFAT-MILK EQUIVALENT	NYWERHEIDSMELK/INDUSTRIAL MILK		TOTAAL TOTAL
			KAASMELK/ CHEESEMILK	KONDENSEERMELK/ CONDENSING MILK	
	000 £	000 £	000 £	000 £	000 £
1975/76	492 618	255 023	301 012	416 687	1 465 340
1976/77	486 580	169 852	297 375	422 100	1 375 907
1977/78	498 277	96 986	275 156	364 311	1 234 730
1978/79	493 868	75 321	280 108	352 345	1 201 642
1979/80 3)	540 920	67 452	345 174	413 384	1 366 930
1980/81	662 491	51 610	354 209	402 673	1 470 983
1981/82	692 209	48 049	369 356	394 909	1 504 523
1982/83	718 274	39 852	386 478	420 332	1 564 936
1983/84	698 547	31 456	395 299	435 756	1 561 058
1984/85 2)	701 607	25 321	406 596	448 209	1 581 733

- 1) Beheerde gebiede - Bloemfontein, Kaapse Skiereiland, Pretoria, Wes-Transvaal, Witwatersrand en vanaf Julie 1980 Natal en Noord-Natal.
- 1) Controlled areas - Bloemfontein, Cape Peninsula, Pretoria, Western Transvaal, Witwatersrand and as from July 1980 Natal and Northern Natal.
- 2) Raming/Estimate.
- 3) Natal and Noord-Natal ingesluit vanaf Julie 1980/Natal and Northern Natal included as from July 1980.

SEKONDARE PRODUKSIE I BOTTER, FABRIEKSKAAS, KONDENSMELK, VOLMELKPOEIER EN AFGEROOMDEMELKPOEIER
SECONDARY PRODUCTION : BUTTER, FACTORY CHEESE, CONDENSED MILK, WHOLE MILK POWDER AND SKIM-MILK POWDER

JAAR YEAR	BOTTER/ BUTTER	FABRIEKSKAAS/ FACTORY CHEESE	KONDENSMELK/ CONDENSED MILK	VOLMELKPOEIER/ WHOLE MILK POWDER	AFGEROOMEDE MELKPOEIER/ SKIM-MILK POWDER
	t	t	t	t	t
1974/75	26 572	22 003	50 194	6 909	13 745
1975/76	26 163	29 534	54 740	9 544	18 915
1976/77	23 869	28 729	46 612	8 353	20 657
1977/78	16 962	28 504	43 195	11 193	14 513
1978/79	16 069	30 852	42 904	9 688	15 559
1979/80	19 125	31 651	39 217	11 231	20 756
1980/81	15 391	34 096	39 383	12 817	16 924
1981/82	15 404	37 091	35 575	12 869	18 139
1982/83	18 266	34 689	31 111	11 531	24 836
1983/84	17 561	35 468	26 678	12 528	23 437
1984/85 2)	17 612	37 329	27 915	14 689	21 343

1) Beheerde gebiede -

Bloemfontein, Kaapse Skiereiland, Pretoria, Wes-Transvaal, Witwatersrand en vanaf
Julie 1980 Natal en Noord-Natal.

1) Controlled areas -

Bloemfontein, Cape Peninsula, Pretoria, Western Transvaal, Witwatersrand and as from
July 1980 Natal and Northern Natal.

2) Ramjng/Estimate.

G-

WAARDE VAN PRODUKSIE TEEN PRODUSENTEPRYSE VAN VARSMELK, BOTTERVET EN NYWERHEIDSMELK/
VALUE OF PRODUCTION AS PRODUCER PRICES OF FRESH MILK, BUTTERFAT AND INDUSTRIAL MILK

JAAR YEAR	VARSMELK 1) BEHEERDE GEBIEDE FRESH MILK CONTROLLED AREAS	BOTTERVET/ BUTTERFAT	KAASMELK/ CHEESEMILK	KONDENSEERMELK/ CONDENSING MILK	TOTAAL TOTAL
	000 R	000 R	000 R	000 R	000 R
1975/76	71 035	16 598	32 775	46 539	166 947
1976/77	75 999	7 792	29 238	42 205	155 234
1977/78	79 261	5 602	29 820	39 739	154 422
1978/79	90 837	5 418	40 787	49 676	186 718
1979/80	130 432	6 315	61 114	70 409	268 270
1980/81	165 941	5 534	69 313	78 248	319 036
1981/82	209 815	5 353	79 988	86 797	381 953
1982/83	227 949	4 893	93 285	102 931	424 654
1983/84	230 126	4 679	112 944	124 504	427 253
1984/85 2)	231 134	3 998	116 172	128 062	479 366

1) Beheerde gebiede – Bloemfontein, Kaapse Skiereiland, Pretoria, Wes-Transvaal, Witwatersrand en vanaf Julie 1980 Natal en Noord-Natal.

1) Controlled areas – Bloemfontein, Cape Peninsula, Pretoria, Western Transvaal, Witwatersrand and as from July 1980 Natal and Northern Natal.

2) Raming/Estimate.

G.

VERbruIK VAN VARSMELK, BOTTER, FABRIEKSKAAS, KONDENSMELK, VOLMELKPoeIER EN AFGEROOMDEMELKPoeIER/
CONSUMPTION OF FRESH MILK, BUTTER, FACTORY CHEESE, CONDENSED MILK, WHOLE MILK POWDER AND SKIM-MILK POWDER

JAAR YEAR	1) VARSMELK BEHEERDE GEBIEDE/ 1) FRESH MILK CONTROLLED AREAS	BOTTER/ BUTTER	FABRIEKSKAAS/ FACTORY CHEESE	KONDENSMELK/ CONDENSED MILK	VOLMELKPoeIER/ WHOLE MILK POWDER	AFGEROOMEDE MELK- PoeIER/ SKIM-MILK POWDER
1975/76	437 022	23 026	28 105	50 628	9 035	15 468
1976/77	422 147	21 541	28 388	51 180	9 787	20 467
1977/78	430 902	17 757	28 630	43 079	11 283	21 157
1978/79	427 616	15 934	29 422	42 296	11 643	19 115
1979/80 1)	479 246	17 754	31 035	40 367	11 621	18 817
1980/81	622 938	16 955	33 454	39 296	13 245	19 876
1981/82	632 577	16 820	33 098	37 111	12 691	13 598
1982/83	641 852	16 484	34 249	31 861	12 167	15 446
1983/84	645 441	16 567	35 392	26 615	12 369	17 243
1984/85 2)	658 075	16 130	35 942	27 416	13 491	17 700

- 1) Beheerde gebiede - Bloemfontein, Kaapse Skiereiland, Pretoria, Wes-Transvaal, Witwatersrand en vanaf Julie 1980 Natal en Noord-Natal.
- 1) Controlled areas. - Bloemfontein, Cape Peninsula, Pretoria, Western Transvaal, Witwatersrand and as from July 1980 Natal and Northern Natal.
- 2) Raming/Estimate.
- 3) UHT melk ingesluit by Varsmelk - Transvaal, Natal en Kaapse Skiereiland
UHT milk included in Fresh Milk - Transvaal, Natal and Cape Peninsula

UITVOERE VAN BOTTER, KAAS KONDENSMELK, VOLROOMMELKPOEIER EN AFGEROOMDEMELKPOEIER
EXPORTS OF BUTTER, CHEESE, CONDENSED MILK, WHOLE MILK POWDER AND SKIM-MILK POWDER

JAAR YEAR	BOTTER BUTTER		KAAS CHEESE		KONDENSMELK CONDENSED MILK		VOLROOMMELK- POEIER/ WHOLE MILK POWDER	AFGEROOMDEMELK- POEIER/ SKIM-MILK POWDER	A + B	TOTALE WAARDE TOTAL VALUE
	t	R'000	t	R'000	t	R'000	t	R'000		
1973/74	1 540	695	54	55	28	116	13	-	492	1 358
1974/75	2 125	1 835	130	150	5	159	4	-	398	2 542
1975/76	1 950	1 760	1 738	1 124	97	262	-	-	1 433	4 579
1976/77	1 207	2 814	3 026	1 825	-	426	307	-	1 198	6 263
1977/78	914	750	644	545	484	612	-	69	4 520	6 427
1978/79	671	1 032	187	351	-	272	428 1)	606 1)	2 068	3 723
1979/80	1 031	1 723	163	352	-	583	169 1)	-	90	2 748
1980/81	981	1 918	267	639	-	239	434 1)	994 1)	1 145	3 941
1981/82	1 262	3 281	266	807	59 1)	115	14 1)	-	21	4 224
1982/83	764	2 248	168	539	77	120	-	1 187 1)	843	3 750
1983/84	633	1 824	159	500	49 1)	155	99 1)	12 769 1)	10 552	13 031

1) Bron/Source: Suiwelraad/Dairy Board

2) Bron: Maandelikse uittreksel van Handelstatistieke
 Source: Monthly abstract of Trade Statistics.

VERKOOPSWAARDE VAN SUIWELPRODUKTE TEEN VERBRUIKERSPRYSE
MARKET VALUE OF DAIRY PRODUCTS AT CONSUMER PRICES

JAAR YEAR	VARSMELK/ FRESH MILK	BOTTER/ BUTTER	KAAS/ CHEESE	KONDENSVELK/ CONDENSED MILK	VOLROOMMELK- POEIER/ WHOLE MILK POWDER	AFGEROOMBEMELK- POEIER/ SKIM-MILK POWDER	TOTAAL/ TOTAL
	R'000 1)	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
1975/76	148 281	36 631	45 878	43 317	19 460	23 516	317 083
1976/77	147 624	35 627	47 320	48 322	22 645	32 366	333 904
1977/78	165 811	28 509	52 632	45 726	30 220	34 792	357 690
1978/79	193 607	31 758	68 591	44 748	23 566	31 434	393 704
1979/80	252 322	45 123	83 825	45 099	27 898	36 281	490 548
1980/81	387 703	42 800	104 605	48 122	47 315	32 940	663 485
1981/82	497 346	55 338	129 413	72 737	72 846	43 242	870 922
1982/83	512 728	61 980	149 594	63 322	71 785	52 990	912 399
1983/84	571 499	69 747	169 982	59 085	82 872	62 835	1 016 020
1984/85 ²⁾	582 685	75 166	181 963	61 086	90 390	68 534	1 059 824

1) Beheerde- en onbeheerde gebiede/Controlled and uncontrolled areas.

2) Raming/Estimate.

PRODUKSIE EN VERBRUIK VAN WIT EN GEEL MARGARIEN
PRODUCTION AND CONSUMPTION OF WHITE AND YELLOW MARGARINE

JAAR YEAR	WIT MARGARIEN/WHITE MARGARINE		GEEL MARGARIEN/YELLOW MARGARINE	
	PRODUKSIE/ PRODUCTION t	VERBRUIK/ CONSUMPTION t	PRODUKSIE/ PRODUCTION t	VERBRUIK/ CONSUMPTION t
1974/75	6 872	6 907	59 849	60 129
1975/76	6 863	6 869	66 316	65 491
1976/77	6 138	6 234	73 802	73 042
1977/78	5 290	5 266	70 990	71 872
1978/79	6 237	6 202	80 553	79 705
1979/80	7 186	7 106	85 245	84 281
1980/81	8 509	8 581	90 936	92 301
1981/82	7 056	6 779	94 275	93 897
1982/83	6 156	6 221	89 801	88 498
1983/84	7 314	7 229	93 041	92 943

0646X
 1984-11-16

G.

